No 18 - 2013] FIFTH SESSION, FOURTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 29 AUGUST 2013

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Mr M Ncedana
Ms J Witbooi
Ms A Rossouw
Ms E Prins
Mr A M Figlan

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**DRAFT RESOLUTION** (in terms of Rule 144)

1. Ms C Labuschagne: That the House notes the on-going achievement, since 2009, of the Department of Education of the Western Cape in respect of –

   - Lit Num results with regard to literacy and numeracy;
   - retention levels in grade 10 to grade 12; and
   - underachieving schools,

   and therefore congratulates the Premier, the Minister of Education and the Department of Education and wishes them all the best for the challenges that the future holds for education in the Western Cape.

**ORDERS OF THE DAY**

1. Finalisation of the *Western Cape District Health Councils Amendment Bill* [B 6 – 2013] (Minister of Health).

2. Introduction and First Reading – *Western Cape Unauthorised Expenditure Bill* [B 7 – 2013] (Minister of Finance, Economic Development and Tourism).

---

## FURTHER BUSINESS

## NOTICE OF MOTIONS

1. Ms C F Beerwinkel: That the House discusses the wastage by the Mayor of the City of Cape Town, Patricia de Lille, of R500 000 on the gala dinner of the Cape Town Fashion Week whilst the fashion industry in the Western Cape is in urgent need of funds.

2. Ms M Tingwe: That the House discusses the fact that 50% of learners in Mitchells Plain did not attend schools after the Democratic Alliance had arbitrarily decided to close schools in Manenberg in the past week in response to gang violence.

3. Ms J L Hartnick: That the House debates the responsibility of parents amidst increasing youth delinquency, substance abuse and gang violence in the Western Cape.

4. Ms D Gopie: That the House discusses the ploy of the Government of the Western Cape to try to undermine the work of the South African Police Service and run away from its responsibilities in respect of the combating of gangsterism by calling on the national Government to deploy the Army to the Cape Flats.

5. Ms M Tingwe: That the House debates the poor state of transport for learners in the Western Cape, especially in the rural areas of our province.

6. Ms M Tingwe: That the House notes that on a recent oversight visit Members of the National Assembly expressed their concern at the high drop-out rate that is experienced in farm schools in the Western Cape.

7. Ms V Hani: That the House congratulates Lorna Scheepers and Charmaine September on their election as Mayor and Deputy Mayor, respectively, of the Cederberg Municipality in August, in Women's Month.

8. Ms E Prins: That the House notes that the Western Cape High Court has overturned the unconstitutional go-head given by Mr Anton Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning in the Western Cape, for a controversial plan to spoil a landmark and historic precinct in the heart of the Mother City around the Lutheran Church complex.

9. Ms E Prins: That the House –

   (1) expresses its gratitude to Richard van As for making robohands and donating them to Flippie Engelbrecht, aged 19, who lost his eyesight and developed epilepsy after he had allegedly been assaulted by a farmer when he was 15 years old; and

   (2) furthermore also expresses its gratitude to the African National Congress in the Western Cape for bringing this to light.

10. Mr M G E Wiley: That the House requests the President of the Republic to rename the post of Deputy Minister of International Relations and Cooperation to the Cabinet post of Minister for Internal Unrest.

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 29 AUGUSTUS 2013

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Mnr M Ncedana
Me J Witbooi
Me A Rossouw
Me E Prins
Mnr A M Figlan

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**KONSEPBESLUIT** (ingevolge Reël 144)

1. Me C Labuschagne: Dat die Huis kennis neem van die voortgesette prestasie van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys sedert 2009 ten opsigte van –

   - *Lit Num*-uitslae met betrekking tot geletterdheid en syfervaardigheid;
   - retensievlakke in graad 10 tot graad 12; en
   - onderpresterende skole,

   en derhalwe die Premier, die Minister van Onderwys en die Departement van Onderwys gelukwens en hulle alle voorspoed toewens vir die uitdagings wat die toekoms vir onderwys in die Wes-Kaap inhou.

**DAGORDERS**

1. Finalisering van die *Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Distriksgesondheidsrade* [W 6 – 2013] (Minister van Gesondheid).

2. Indiening en Eerste Lesing – *Wes-Kaapse Wetsontwerp op Ongemagtigde Uitgawes* [W 7 – 2013] – (Staande Komitee oor Finansies en Ekonomiese Ontwikkeling).

---

## VERDERE WERKSAAMHEDE

## KENNISGEWING VAN VOORSTELLE

1. Me C F Beerwinkel: Dat die Huis die vermorsing bespreek deur die burgemeester van die Stad Kaapstad, Patricia de Lille, van R500 000 op die gala-dinee van die Kaapstadse Modeweek, en dit terwyl die modebedryf in die Wes-Kaap ’n dringende behoefte aan finansiering het.

2. Me M Tingwe: Dat die Huis die feit bespreek dat, nadat die Demokratiese Alliansie op arbitrêre wyse besluit het om die skole in Manenberg in die afgelope week as gevolg van bendegeweld te sluit, 50% van die leerders in Mitchells Plain nie by die skool opgedaag het nie.

3. Me J L Hartnick: Dat die Huis debat voer oor die verantwoordelikheid van ouers te midde van toenemende misdadigheid onder die jeug, middelmisbruik en bendegeweld in die Wes-Kaap.

4. Me D Gopie: Dat die Huis die listige plan van die Regering van die Wes-Kaap bespreek wat probeer om die werk van die Suid-Afrikaanse Polisiediens te ondermyn en weg te hardloop van hul verantwoordelikheid ten opsigte van die bekamping van bendegeweld deurdat hulle ’n beroep op die nasionale Regering doen dat die Leër op die Kaapse Vlakte ontplooi moet word.

5. Me M Tingwe: Dat die Huis debat voer oor die betreurenswaardige toedrag van sake met betrekking tot die vervoer van leerders in die Wes-Kaap, veral in die landelike gebiede van ons provinsie.

6. Me M Tingwe: Dat die Huis kennis neem van die feit dat Lede van die Nasionale Vergadering tydens ’n onlangse toesighoudingsbesoek hulle kommer uitgespreek het oor die hoë uitvalkoers wat in plaasskole in die Wes-Kaap ondervind word.

7. Me V Hani: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan Lorna Scheepers en Charmaine September met hul verkiesing as onderskeidelik die burgemeester en onderburgemeester van die Cederberg-munisipaliteit, en dit in Augustus, in Vrouemaand.

8. Me E Prins: Dat die Huis kennis neem van die feit dat die Wes-Kaapse Hoë Hof die ongrondwetlike stap deur mnr Anton Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning in die Wes-Kaap, toe hy goedkeuring verleen het aan ’n omstrede plan om ’n bekende baken in die historiese omgewing naby die Lutherse Kerk-kompleks in die hart van die Moederstad te bederf, omgekeer het.

9. Me E Prins: Dat die Huis –

   (1) sy dank uitspreek teenoor Richard van As, wat robohande vervaardig en van dié hande geskenk het aan Flippie Engelbrecht, wat 19 jaar oud is en sy sig verloor en epilepsie opgedoen het toe hy op die ouderdom van 15 jaar na bewering deur ’n boer aangerand is; en

   (2) voorts ook sy dank uitspreek teenoor die African National Congress in die Wes-Kaap wat dié gebeure openbaar gemaak het.

10. Mnr M G E Wiley: Dat die Huis die President van die Republiek versoek om die pos van Adjunkminister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking te verander na die kabinetspos van Minister vir Interne Beroering en Onrus.